


Tegnologie 3

1. Hefbome

’n Hefboom kan ons help om swaar vragte te verskuif of op te lig. ’n Hefboom is ’n staaf wat ons om ’n vaste punt kan draai. Die vaste punt noem ons die draaipunt of spil. Ons gebruik stootkrag of trekkrags om die las op die ander punt van die hefboom te beweeg. ’n Wipplank is ’n goeie voorbeeld van ’n hefboom. Maar in ons alledaagse lewe is daar sommer nog baie voorbeelde! Dink aan ’n kruise, ’n botteloopmaker, ’n deur, ’n graaf en ’n skêr. Sommige masjiene waarmee swaar werk gedoen word, werk ook op hierdie beginsel.

2. Katrolle



’n Katrol help ons om swaar vragte op te lig. ’n Katrol bestaan uit ’n wiel met ’n as. Die wiel het ’n groef waarin ’n tou kan beweeg. Nou kan ons die tou trek om die gewig op te lig. Vir baie swaar vragte help dit om meer as een katrol te gebruik. Ons gebruik katrolle om motors op te lig en in te tou. Hyskrane gebruik katrolle om swaar vragte op te lig. Outomatiese garagedeure gebruik ’n stelsel van motors en katrolle om die deure te laat oopgaan.

